



Totius-Akademie

Visie, missie, waardes en leuse

1. Visie

Opsomming

Potchefstroom se voorkeur-laerskool

Volledig

Ons streef daarna om die voorkeur-laerskool (laerskool van eerste keuse) in Potchefstroom te wees.

2. Missie

Opsomming

'n Onafhanklike skool vir Christelike onderwys van hoë gehalte

Volledig

Ons wil ons visie bereik deur as onafhanklike skool Christelike onderwys van hoë gehalte deur medium van Afrikaans te bied:

Verduideliking

- Ons glo dat ons visie die beste bereik kan word deur **onafhanklik** van die staat, 'n spesifieke kerk of politieke oortuiging te funksioneer.
- Ons wil in die volle sin van die woord as **skool** funksioneer, in die sin dat ons hoofstroomonderwys bied en aan die registrasie, akkreditasie en standarde wat die staat vereis, voldoen.
- Ons bied **Christelike** onderwys deur 'n leerplan en onderrigmateriaal in al die vakke te gebruik wat spesifiek opgestel is met die Woord van God as basis, asook spesifieke Christelike waardes by leerders te bevorder. Hierdie Christelike onderwys word op basis van die reformatoriese (gereformeerde) belydenis aangebied, in die eerste plek vir die kinders van lidmate van kerke wat die belydenis onderskryf, maar ook vir kinders van ander ouers wat sodanige onderrig begeer.
- Ons bied **onderwys**, en nie bloot onderrig of afrigting in bepaalde vakke nie. Onderwys betrek die hele mens: verstand, emosies en wil. Daarom gee ons aandag aan kultuur- en sport, gesonde lewenswaardes, individuele aandag, onderlinge sosialisering van leerders, asook veilige en aangename leeromgewing – alles binne die raamwerk van

die Christelike geloof. Ons glo dat hierdie sake nie genoegsaam deur afstandsonderrig, rekenaargesteunde onderrig of massa-onderrig bereik kan word nie.

- Ons bied onderwys van **hoë gehalte** deur besondere klem op basiese vaardighede (lees, skryf, wiskunde en natuurwetenskappe), 'n verrykte leerplan (wat Bybelonderrig, kuns/musiek en 'n Afrikataal insluit), klein klasse, persoonlike aandag aan leerders, goed toegeruste en lojale onderwysers en betrokkenheid van ouers. Ons glo dat uitnemende onderwys 'n stewige basis bied vir verdere onderwys en opleiding, en uiteindelik vir 'n suksesvolle beroepslewe.
- Ons bied spesifiek onderwys deur medium van **Afrikaans** wat gerig is op die Afrikaanssprekendes se kultuur en geskiedenis. Ons beperk sodanige onderwys nie tot 'n bepaalde bevolkingsgroep of ras nie, maar beveel ouers en voogde aan dat onderwys in die leerder se moedertaal verkieslik is. Indien daar genoeg belangstelling in onderwys deur medium van Engels of een van die inheemse tale is, wil ons help om ook soortgelyke onderwys in dié tale te vestig.

3. Waardes

Opsomming

- | | | |
|------------|------------------|------------------|
| • Liefde | • Geduld | • Getrouheid |
| • Blydskap | • Vriendelikheid | • Sagmoedigheid |
| • Vrede | • Goedheid | • Selfbeheersing |

Verduideliking

Ons erken dat daar waardes is wat redelik algemeen deur die samelewing nagestreef word. Baie van die waardes word in openbare dokumente en handveste van menseregte weerspieël. Baie van die waardes stem ooreen met Christelike waardes.

Christelike waardes is die vrug van die Heilige Gees, wat God deur sy Gees bewerk in elkeen wat waarlik glo. Geloof is sowel God se geskenk as God se opdrag. So is ook die vrug van die Gees sowel geskenk as opdrag. Die vrug van die Gees veronderstel bekering van 'n sinlose bestaan waar jy doen wat jy wil en wat vir jou goed lyk.

As skool beywer ons ons spesifiek vir die ondergenoemde nege sake wat as vrug van die Gees genoem word (Gal. 5:22-23). ¹ Ons strewende daarna om dié waardes by almal wat by die skool betrokke is, naamlik die skoolvereniging, bestuur, leerders en ouers, te bevorder.

Elkeen van die nege sake vertel ons in die eerste plek wie God is en wat Hy doen. As ons hierdie dinge doen, vertoon ons God se beeld.

Hierdie nege sake is nie 'n lys van alle moontlike waardes nie, maar vat die kern van ons Christelike lewenswandel saam.

¹ Vgl. ook Kol. 3:12-14; Ef. 5:9; Jak. 4:17.

Volledig

1. Liefde²

Ware liefde is nie selfsugtig nie, maar jy stel ander se belange hoër as jou eie. Om lief te hê is om te dien (die deug van **diensvaardigheid**).

Die Groot Gebod is dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself. Liefde vir ons naaste hou in dat alles wat ons wil hê mense aan ons moet doen, ons ook so aan hulle doen. Liefde vir God bestaan daarin dat ons sy gebooië gehoorsaam.

Ware liefde is nie dieselfde as sentimentaliteit of dat onreg oorgesien word nie. Daarom word liefde en **waarheid**, asook liefde en **geregtigheid**, met mekaar in die Bybel verbind. Liefde is dus **eerlik** (dit soek die waarheid) en **regverdig**.

2. Blydskap³

Blydskap is nie afhanklik van omstandighede nie, maar erken dat God alles ten goede laat meewerk vir hulle wat God liefhet. Blydskap is 'n positiewe besluit om jouself nie jammer te kry nie, maar altyd jou seëninge te tel. Blydskap wat gegrond is op mense en dinge is tydelik, maar blydskap wat voortkom uit 'n lewende verhouding met God in Christus, kan nie weggeneem word nie.

3. Vrede⁴

Vrede begin by innerlike vrede omdat jy weet dat God jou volledig versoen het deur die bloed van sy Seun, jou vergewe het en as sy kind aangeneem het. Ware vrede met ander mense is alleen moontlik as ons hulle kan vergewe en die kwaad aan God kan oorlaat. As iemand wat self innerlike vrede het, wil jy jou nie heelyd teenoor ander bewys of laat geld nie. Sover dit van jou afhang, leef jy in vrede met alle mense. Dit sluit in mense ver van jou met wie jy baie verskil, maar ook mense naby aan jou: jou ouers, broers en susters, skoolmaats en kollegas.

4. Geduld⁵

Geduld, ook genoem **lankmoedigheid**, is om uit te hou onder moeilike omstandighede. Jy is geduldig as jy bereid is om vir ander wat stadiger as jy is, wat minder begaafd is, of wat fouteer, te wag. Geduld is om verdraagsaam te wees sonder om dit wat verkeerd is, goed te praat.

Geduld is ook om weer en weer te probeer as jy iets nie regkry nie, sonder om kwaad te word of dit sommer te los. Daarom hou geduld ook verband met die deug wat ons **volharding** noem.

² Filip. 2:3-4; Ef. 4:25; 1 Kor. 13:4-6; Ef. 4:15 en 2 Joh. 3; Hos. 10:12; 1 Tim. 6:11, 2 Tim. 2:22; Filip. 2:3; Deut. 6:5; Lev. 19:18; Mat. 22:37-40; Mat. 7:11; Kol. 3:15; Ef. 4:2; Joh. 15:10; 1 Joh. 5:3; 2 Joh. 6; Titus 1:8).

³ Filip. 4:4; 1 Pet. 1:6; Joh. 16:22; Rom. 8:28; Jak. 1:2.

⁴ Rom. 5:1; Joh. 14:27; Kol. 3:15; Mat. 5:24; Mat. 18:21-35; Ef. 4:32; Kol. 3:13; Rom. 12:18; Mat. 5:9; Rom. 12:19.

⁵ Eks. 34:6; Num. 14:18; 2 Pet. 3:18; Spr. 14:29; Spr. 15:18; Rom. 12:12; 1 Kor. 13:4; 1 Tes 5:14; Jak. 5:7-10; Ef. 4:2.

5. Vriendelikheid⁶

Vriendelikheid is om jou innerlike blydskap uit te straal. Dit is om ander mense goed te behandel, ongeag wie of wat hulle is, ongeag hulle herkoms, ras of geslag. In Engels word hierdie deug *kindness* genoem. Vriendelikheid is om te glimlag, mense met begrip te hanteer en woorde te gebruik wat opbeur, eerder as woorde wat seermaak.

Vriendelikheid hou verband met die deug wat ons **respek** noem, omdat jy vriendelik is selfs teenoor mense van wie jy verskil of wat jou sleg behandel. Vriendelikheid hou verband met **ontferming** en **barmhartigheid** teenoor mense wat moontlik nie jou vriendelikheid verdien nie.

6. Goedheid⁷

Goedheid word nagejaag as jy vuil en afbrekende woorde en gedagtes vervang met alles wat waar is, wat lieflik is en wat lof verdien. Goedheid hou verband met 'n rein of suiwer hart. Goedheid kom na vore in daade wat ander mense opbou en seën. Dit hou ook verband met ruimhartigheid en goedhartigheid. Goedheid beteken dat jy nie bese planne teen ander beraam of slegte bedoelings teenoor hulle in jou hart koester nie.

7. Getrouheid⁸

'n Sentrale boodskap in die Bybel is dat God tot in ewigheid getrou is. As jy getrou is, weerspieël jy hierdie eienskap.

Jy is iemand waarop 'n mens kan reken. As jy iets belowe het, doen jy dit. Jou woord is jou eer. Jy is lojaal teenoor mense aan wie jy verbind is. Jy is 'n vriend deur dik en dun. Jy verraai nie jou ouers, jou broers of susters, jou skool, jou onderwysers of jou maats, bv. deur sleg van hulle te praat nie.

Ons getrouheid teenoor ander mense is egter altyd ondergeskik aan ons gehoorsaamheid teenoor die Here.

8. Sagmoedigheid⁹

Sagmoedigheid is wanneer jy nie jou eie krag, verstand, rykdom, posisie of regte vooropstel nie. Jy soek oplossings vir geskille deur die minste te wees, sake uit te praat, en jou eie foute en oortredings te erken, in plaas daarvan om te dreig, te skree of ander seer te maak.

Sagmoedigheid hou verband met **nederigheid**. Daarom is jy sagmoedig as jy nie met jou eie prestasies of dié van jou familie spog nie.

9. Selfbeheersing¹⁰

Selfbeheersing staan ook bekend as **selfdisipline**. Selfbeheersing is om jouself in te hou onder moeilike omstandighede of as ander jou kwaad maak. Dit is om jou emosies en jou eie wil te beheer. Dit is om jou tyd goed te bestuur. Selfbeheersing is ook om nie vrye teuels te gee aan verkeerde begeertes nie. Jy is selfbeheers as jy kan wag vir

⁶ Spr. 16:24; Spr. 22:9; 1 Kor. 13:4; Ef. 4:32; 2 Tim. 2:24; 1 Pet. 3:8; Filip. 4:5; Kol. 4:12; Mat. 5:7.

⁷ 2 Tes 5:11; Rom. 14:14; Filip. 4:8; Ef. 4:29; Ef. 5:9; Ps. 24:4; Ps. 51:10; Mat. 5:8.

⁸ Deut 7:9; Ps. 36:5; Ps. 57:10; Ps. 89:8.14; Ps. 92:2; Ps. 119:90; 1 Kor. 1:9; 1 Kor. 10:13; 1 Tes 5:24; 2 Tes 3:3; 2 Tim. 2:13; Heb 10:23; Openb. 1:5; Openb. 3:14; 2 Kor. 1:18; Spr. 12:22; Luk 16:10; Mat. 5:37; 2 Kor. 1:18; Jak. 5:12; Hand 4:19; Hand 5:29.

⁹ Mat. 5:5; Mat. 11:29; Kol. 3:12; Ef. 4:2; Jak. 4:6; 1 Pet. 2:23; 1 Pet. 5:5; Spr. 3:34; Spr. 16:19.

¹⁰ Spr. 16:32; 2 Tim. 1:7 en 2 Pet. 1:6; 2 Tess. 3:6-10.

beloning in plaas daarvan om onmiddellike bevrediging te verwag. Selfbeheersing beteken jy beperk jou ontspanning, jou gebruik van televisie, internet en sosiale media, jou spandering van geld en jou inname van oormatige kos. Jy eksperimenteer nie met dwelmmiddels en ander skadelike middels nie. Iemand met selfbeheersing verken nie uit nuuskierigheid verkeerde dinge soos pornografie nie.

Selfbeheersing hou verband met **soberheid**: As jy selfbeheersing het, lewe jy eenvoudig, sonder uitspattigheid, luukshede en vermorsing. Selfbeheersing hou ook verband met **hardwerkendheid**: As jy selfbeheersing het, steek jy nie lyf weg en teer op ander nie.

Sonder selfbeheersing kan 'n mens nie sukses in jou skoolwerk, studie of beroep behaal nie.

4. Leuse

Soos op die skoolwapen:

U Woord ons lig¹¹

5. Skoolwapen



Oop boek: God se Woord (die Bybel). wat die middelpunt van ons skool is.

Rooi strale: Die opkomende son. God se Woord is ons lig.

Drie groen eikeblare aan een takkie:
(1) **Eike:** Die skool is in Potchefstroom, met sy lang eikelaan.
(2) **Groen** dui op lewe en groei.
(3) **Drie blare aan een takkie:** Ons glo in God wat Een is, maar tegelykertyd Drie Persone is.

¹¹ Ps. 36:9; Ps. 119:105; 2 Pet. 1:19.